# MAKHADO MUNICIPALITY

**MAKHADO PLAASLIKE MUNISIPALITEIT**

**OPENBARE KENNISGEWING OOR DIE VOORGESTELDE WYSIGING VAN DIE MUNISIPALE GRONDBELASTINGBELEID EN GEPAARDGAANDE MUNISIPALE GRONDBELASTING VERORDENINGE: 2015/2016**

Kennis word hiermee gegee van die voorgestelde wysiging van die volgende dokumente ingevolge die bepalings van artikel 12(3)(b) en 21 van die Plaaslike Regering: Munisipale Sisteme Wet, Nr 32 van 2000-

1. Die Munisipale Grondbelastingbeleid
2. Die Munisipale Grondbelasting Verordeninge

Die Munisipaliteit nooi hiermee enige belangstellende persoon/persone, party of partye om skriftelike kommentaar en/of skriftelike vertoë aan die Munispaliteit voor te lê. Enige sulke kommentaar en/of vertoë moet die ondergemelde bereik voor of op **Maandag, 25 Mei 2015** deur dit per hand te lewer aan die Kantoor van die Munisipale Bestuurder of te pos aan Privaatsak X2596, Louis Trichardt, 0920 om die Munisipale Bestuurder te bereik voor of op genoemde sluitingsdatum.

Afskrifte vandie konsep Munisipale Grondbelasting Verordeninge en die konsep Munisipale Grondbelastingbeleid kan besigtig word gedurende kantoor-ure by die volgende openbare munisipale kantore

- Die Burgersentrum, Kamer C044, Eerste Vloer, Kroghstraat 83, Makhado Dorp
- Die Munisipale streekskantore te Dzanani, Vuwani en Waterval

Alle navrae kan gerig word aan die Bestuurder Finansies (Inkomste), Mr R Radzilane of die Hoof Finansiële Beampte, Me M Makhubela by telefoonnommer 015 519 3000.

Burgersentrum, Kroghstraat 83
Makhado

Kennisgewing Nr 52 of 2015
Lêernr 1/3/62/1
16/17 April 2015

**MNR I P MUTSHINYALI**
**MUNISIPALE BESTUURDER**